# M&T Drukkop

**MONTERINGS INSTRUKSIES**

*A. Die drukkop bestaan slegs uit ‘n Toe-Plunger en twee 8 mm nylon stafies.*


*B. Nadat die normale M&T plastiese stelsel aanmekaar gesit is, moet as volg te werk gegaan word:*

1. Met die slag onder, merk deur die T-stuk, n merk op die binnepyp. Trek die binnepyp uit tot by die merk.

2. Ongeveer ‘n 100mm bo die merk, sny die pyp en las die Toe-Plunjer in.

3. Omdat jy in effek die binnepyp verleng met ongeveer 100mm, stel ons voor jy sny 100mm van die gedeelte van die binnepyp af tussen die tussen die drukkop en die houtstang, om hiervoor te kompenseer.

4. Boor een 8mm gaatjie bo en een 8mm gaatjie onder, deur die Toe-Plunjer en binnepyp. Slaan die 8mm-nylon stafies dwarsdeur en smelt die punte effens om die uitskuif van die stafies te voorkom.



5. Die oopkant van die suiers van die Toe-Plunjer moet na onder wys.

6. Bokant die Toe-Plunger moet ten minste 1 meter van die buitepyp wees, sodat water daar kan staan om die suiers nat te hou gedurende windstiltes. Hierdie suiers kan ook met olie deurweek word voor montering, wat sal verseker dat hulle onmiddellik dig sluit.

7. Dit is baie belangrik dat die buitepyp, sowel as die houtstang, behoorlik gestabileer word. Die houtstang druk afwaarts en as dit nie behoorlik gestabileer is nie, gaan dit die binnepyp knak en veroorsaak dat dit nie weer in die buitepyp kan in gaan nie.

8. Naby die T-stuk, in die wegleipyp, moet ‘n eenrigting klep ingesit word, om die druk op die pyp in die boorgat te verminder. Ons beveel ‘n veerbelaaide eenrigting klep aan wat u self moet voorsien.

www.mtplastiek.com • 060 600 3992 • mtplastiek@gmail.com

Besoek ons webblad vir video instruksies en meer informasie. Kontak ons gerus per epos of foon vir verdere navrae.